LIMERICKE SONDER BRIEKE!

Saamgestel en deels geskep deur

Nico Luwes

'n Voordrag- en aksiekonsert oor die geskiedenis van ons ou landjie en sy kunstenaars

Limiricke deur die onnutsige Philip de Vos, limerickmeester *par excelance* en Nico Luwes

N J Luwes en Philip de Vos
Sept.99
Dept. Drama- en Toneelkunde
UOVS
Posbus 339 Bloemfontein 9300

Opvoerregte: Dalro

Spelers

Maestro: ‘n Manipuleerder van die spel – iets soos die nar van die koning.
Koor: Ongeveer 15 tot 30 ander spelers wat na willekeur karakters word.

Dekor

‘n Oop verhoog met ‘n platvorm op boustelte of enige ander konstruksie waarop Maestro sit, staan, lê en wat nog als. Enkele rostra, gerangskik volgens smaak. Een rostrum op wiele wat die skip word as dit nodig is. Die idee is dat die spelers met die minimum rekwisiete self idees moet skep vir uitbeeldings van lokaliteite en dekor. Spelers kan met stokke, dromme, blikdeksels of wat ook al werk. Kyk wat hulle nodig kry tydens repetisies. Maak vrylik gebruik van transperante of tru-projeksies indien benodig. Beligting kleurvol en vrolik.

Klank

Spelers kan self klanke produseer of gebruik maak van ‘n CD met komiese klanke en agtergrondmusiek vir die produksie opgeneem by die Dept. Drama UOVS. (Beskikbaar @ R75.00)

Kostuums

Meastro in swaelstertpak of narrekostuum, of as gemaskerde speler met ‘n veer. Koor in swart met nodige hoede en ander rekwisiete of in jeans en kleurvolle T-hemde – nes u wil!

Limiricke sonder brieke! Nico Luwes

[DONKER VERHOOG. KOLLIG REGS OP VERHOOG MET UITBUNDIGE TROMPET- FANFARE. MEASTRO REGS OP IN KOLLIG TOT IN MIDDEL. BUIG AS SIRKUSAANKONDIGER]

Proloog

Maestro: Ha! Ek's Maestro Lolita/Filimon Booyson
My Oer-oumagroot was 'n Khoi-San
Ek neem u vanaand op 'n toer deur ons land
Met sketse en danse en mooi sang!
Dis soms limerick
En soms artistiek
For everything goes hier te lande!

[MUSIEK VAN *HIER'S ONS WEER* BEGIN EN KOOR STROOM UITBUNDIG MET STOKKE OP UIT GEHOOR OF VAN AGTERVERHOOG EN/OF KANTE]

Koor: (Soetsappig tradisioneel) Hier's ons weer,
hier's ons weer!
Ons is stuitig hierdie keer
(Rock) Ons wil jou hê, Oh Yea
Ons sal jou kry, Oh Dear
(Slaat stokke op vloer) Al slaan Sensuur ons driemaal op die kop
(Rock) Dan staan ons op, Oh, Yea!
Dan kom ons weer, OH, YEEEEAAA!

Een derde Koor: (As ou mense) Allamagtie!
Een derde Koor: (As ou mense) en allakragtie!
Een halwe Koor: (As jong mense) Dames en Here
Een derde Koor: (As 'alternatiewe' mense) En tusseninbere!
Koor: Hier's ons weer
Nie geteer of geveer
Met LIMIRICKE…. sonder brieke!
(Stokke vorm spotprentjie vloekwoorde $&#§0)

[KOMIESE ELEKTRONIESE BYKLANKE AKSENTUEER DIE EINDES VAN INDIVIDUELE LIMIRICKE DEUR DIE OPVOERING EN MEDESPELERS REAGEER MET STEM EN AKSIE OP DIE LIMIRICKE]

Koorlid: Nou! Om te onthou!
Daar's vyf reëls in 'n limerick!
Hul effens stout, of effens siek.
Hul het iets om die lyf
En die angel in vyf –
Is die fyndraai van die briek!

Maestro: (Aan gehoor) U weet! U weet! U ken dit mos van kinderdae!!!

Arrie Warrie woes…

Koor: O nee -- dis te woes! Dis te rof, dis te kroes!

[SING DIE VOLGENDE GEDEELTE MET AKSIE. STOKKE WORD ‘N KRING OF STER MET VENUS AAN DIE EINDE IN DIE MIDDEL VAN DIE SKULP]

Koor: Behou tog die volkie se sedes.
Soos die pragtige dame op Ceres.
Wat g’n kêrel wou hê
wat mooi woordjies sê,
Koorlid: En nou’t sy geheel --- opgeroes!

Koorlid: “Nee!”
Koor: Sê nig Saartjie van Kleinbegin!
Koorlid: “‘n Storie moet wragtag daa’m iewers begin!
Ek stel voor…”
Koor: “Ja! Ja!” Skree die koor!!
Koorlid: “Ons vat ou van Riebeeck
En kyk wat in hom steek.
Dan’t ons ‘n storie wat spring!! Ou Ding!”

Koor: (sing) My dingeling, your dingeling,
Dan’t ons ‘n storie met ‘Spring’ – dingeling!!!

Koorlid: (As Jan Van Riebeeck) Ek het hom!Ek het hom!
Ek staan op die strand op Aghulas…
Die water die raak…

Koor: Nee!!!!

Jan: Maar dit was laagwater! En wat’s fout met my knieë??

Koor: Nee nee nee! Ons doen dit in styl!
Anders val daardie byl!
Daai sensuurbyl sal jou nog moet bykom!
Op die snykant sal ons moet verbykom!

Maestro: Nou goed!!! Op u eie verantwoordelikheid! Act 1!
Of bly maar net sit vir die fun!
(Trompetgeskal)
Een dag lank lank geleë….
Koor: (Storm nader vir die storie**)** Ja! Ja!
Meastro: (Verjaag die spul) Haai! Trug, trug, trug!!!
This is my acting space!
Bleddie amateurs!
(Trompetgeskal) Een dag lank lank geleë…
kom daar drie piepplein skepies ter see….
KLANK!!!
(Klank van see en voëls) Dankie!

(Party koorlede word voëls met vlerke oor stokke en ander word Khoisanvroue)
Maestro: En AKSIE!!! (Musiek van *Alibama* begin speel).
Koor: (Maak ‘n skip met stokke as roeispane ens. Ou Jan en bemanning bo-op. Sangwysie “*Daar kom die Alibama*”)

Daar kom die Drommedaris!
Die Dromidaris, die Dromidaris X2
Die Dromidaris die kom oor die see…

Man: (Met hoed, verkyker van toiletrol en luispreker op skip bo)
AAAAHHHOOOOIII!
Nou sien ek dit Jafels!
Sien ek ‘n tafel? Of is dit ‘n wafel?
Nee! Ek sien ‘n land!
Waar die skip op gaan strand!
Koor 1: O, wee!!! O, wee!
Koor 2: O, nee!!! O, nee!!
Koor : O, waar sal hulp vandaan kom!
Koorlid: Prins Waldimar!!!
Koorlid: Supermannn!!!
Koorlid: Eugene!!!
Koor: WAAAT!!!???

(Skip strand en ouens versuip op vloer. Koorlid met stok as perd op met ‘n tou. Perd runnik)

Koor: Wolraad !!! Woltemade!!

(Wolraad op stokperd met tou red drenkelinge op lied onder)

Koor en Wolraad : O! Ek het ‘n perd, ‘n blinkvosperd!
En ek kom om jou te haal!
Ja, ek het ‘n perd, ‘n blinkvosperd
met ‘n splinternuwe saal!
Want jy het gesê as ek jou wil hê
dan moet ek jou kom haal,
op my blinkvosperd my nuwe perd,
met ‘n baie nat saal.
Jan en manne: (Verdwaas) Waar de hel is ons nou?
(Klank see en wind)
Meastro: In Act 2 Stupid!!! Scene 1, Cape Town.
Hoor jy nie die bleddie wind nie?
Koor: (Word Khoi-San vroue met knopstêrre op strand. Toi-toi dreigend nader)
Hi! Ha! Khoi sa sa!
Woep stjala hoep tsala
Khoi sa-sa! (X 2)
Jan en manne: (Op rostrum) OOOOhhh! Genade von gister se gaatjes!!
Pluk uit jul Bybel-traktaatjes!
Khoivroue: (Khoi San vroue toi-toi weer dreigend nader)
Hi! Ha! Khoi sa sa!

Woep stjala hoep tsala Khoi sa-sa! (Stop)
Khoivroue: Sjoeii, Sjooei, gggg, gggg, sjooei!!! Good Day!!
Jan: Jaa, daag!!
Khoivroue: (Verward) DAAG?
Manne: Ja! Daag!
Khoivrou: Sjoeii, Sjooei, gggg,gggg, sjooei!!! Looking for accomodation?
We've got only da 'grassmats' but under da present circumcisions
that will have to do.
Jan : Grassmatts? No, thanks! Ek beplan voor mij en mij mannen te bouwe een FIVE star Castle!
Khoivroue: Hê?
Jan: Het Kasteel! Hê! Verstaat joellie dat??
Khoivroue: Het Kasteel? Ok!
Jan: Allamintig!
Khoivroue: Yes! Ja! To be or not to be!
Jan: Allakragtie! Waar did you learn to gooi da red tale so nicely!
Khoivroue: OH!! Sdjoeei, sjoeei, grrrr!!! Da Radio BBC! OK!
Jan : Radio BBC! OK! OK!!
Khoivroue: OK!! So what shall we do now?
Jan: Aha! You can come and werk for us! Die was en die tryk! Jy pertaan???
Khoivroue: OK! Die wááás en die tryýýk! Ek pertaan! OK!
(Hul hande skiet soos blits vorentoe) Die PAY??
Jan : No Pay! Die pááááp en bróóóóód! OK!!
Khoivroue: Die pááááp en bróóóóód?
(Pluk moer en draai weg)
Ag, voetsek man!
(Wys allerhande tekens vir Jan en die manne)
Sengwili la gatta die boerie se moerinamjas!
(Hul klap 'n vinger in die lug) Home James!!!
(Hulle vorm 'n kar en motorbyklank met toeter klink op.
Hulle word dir passasiers) Hi! Ha! Khoi sa sa!
Woep stjala hoep tsala, Khoi sa-sa (X2)
(Die motor ry 'n draai en die Khoi San word weer 'n koor)

Koor: (Aan Meastro) Oe! Alla oe!!! Was dit dan soe!!!
Maestro: Ja, dís nou die ware geskiedenis
Ons had dit al jare net mis.
Dié gewaarborde weerga' van "Vanslewe se dae"
Het Tuttu persoonlik getjap! Dis gewis!
So! Oe alla Oe!! Act 2 Scene 2!!

Koorlid: (Terwyl Jan die rol speel)
Die liewe oom Jan kom land in die Kaap.
'n Paar stukkies koper en los doringdraad
Maar skeerbuik die pla hom
En loopmaag die ja hom!
Toe ruil hy sy draad vir 'n skaap om
(Jan hol af)

Koorlid: (Terwyl Herrie ‘n boer bekruip en met sy kierie oor die kop klink)
Ou Herrie van Khoi Khoi Von Khoi
Verstaan die ding glad nie so Moi!
Hy kom met sy kieries
En klink ‘n paar manne se blink skedelpanne
Tot Jan hulle met Vuurkieries looi.

(Kort geveg met kieriegewere en spiese met die nodige byklanke)

Maestro:‘n Helse geveg, dit was dit gewis!
Skaastelery! Sjoe!, remoer en getwis
Ou Harry die kry dit --- so mooi op sy herrie
En ou Jan jaag hom weg –tot oorkant die Vis!
(Khoisan spring oor die Visrivier, gaan sit in ‘n kring en vorm ‘n hut met die kieries)

Koor: Daar leef hy ‘n vrede! O Herrie.
Verlos van dié ewige hel
Waar hy sit met sy kinders
En heeldag net stories vertel!

Koorlid: Hy vertel hul van Simson De Richter
Ontleen uit die Swart Boek - met digters,
te veel om te noem,
wat hul daarop kan roem
dat hulle dié verhaal só kon ontnugter.

Herrie: (Aan kinders) Nou OK! Nou, julle luister na my.
Koor: OK!
Herrie: Ek vertel jul die storie,
soos ek dit by daai Hollandse sendeling kry!
Koor: OK!
(Die verhaal word soos die vertelling volg gedramatiseer deur lede wat nie deel is van die groep nie)

Herrie: Simon Richter, klein en skugter.
Simon was is sissie
Allie kinders dans en jol,
maar hy sê:
Simon: Issielissie!"

Herrie: Hul spot horn oor sy pounietyl.
Toe word hy sat en siek,
En koop vir hom n spierbouboek;
Build your muscles in a Week.

Eers werk hy aan sy biseps.
Hy werk vir vele ure.
En na ‘n week was hy gewis

die ene, ene spiere!

Delila Phyllis Steyn sien hom
en raak toe dan die kwyI,
en sy wou byna flou val
oor sy lyf en pounietyl!

En kort daarna begin hul vry.
En toe word daar getrou,
rnaar skaars gaan daar ‘n maand verby
toe kry sy reeds berou.

Sy wou graag na 'n dameskroeg,
rnaar hy sê:

Simon: “Issielisssie!
Al bly ek weg van sterke drank,
is ek gewis g'n sissie"

Herrie: Maar-tog het by oplaas geswig
(Die ou was seker gek)
Maar daar speel hy slegs domino's
en wen by vingertrek

Delila raak vol afguns
Dis heelnag wakker lê
Want sy wou ook ‘n pounietyl,
net soos haar Simson hê.

Een aand toe Simson lê en snork,
sê Vroutjie:
Delila: “Dis koebaai!"
Herrie: En tjoeftjaf met 'n vlymskerp mes
Het die pounietyl gewaai.

Delila het die huis verlaat.
(Die lewe is maar goor)
Simson drink sy eerste dop
en het vingertrek verloor!

Die maande het verbygegaan
Sy spiere word 'n pens!
En in die kroeg, ja, dag en nag,
het Simson sit en grens.

Oplaas kom sy daar ingestap,
met haar nuwe boyfriend Doep.
Neef Simson raak hoosaardig kwaad
en stamp horn met daai boep

Die krag wat lê in darie pens,
stamp hom teen 'n pilaar.
Die mure beef en bibber
en die kroeg stort in mekaar

Daar onder brendie bottels
Serve onse Simson Richter.
Ja, by was glad geen sissie nie,
en baie selde nugter!!

Maestro: Haai dissie kuns nie
Dis Euro culture daai!
Doen my ‘n ou gunsie
Gee Afro-kuns ‘n traai!

Koor : Ok! Oor Harry! En sy mense!

Koorlid: Sy liewe klein kind Mabalél
Is gepla deur ‘n groot krokodél
Sy kap hom karate en gil: “Klingeling!!”
Sy’t skoene gemaak van sy vel.

Meastro: Dis nou Great! En meantime back home?
Koor: Back home?
Meastro: Innie Kaap! Jou aap!
Koorlid: Oe! Back home innie Kaap in!
Koor: Nee! Die Mixtures en die Misers die bly in die Kaap
Daar eet hul gereeld aan ou Herrie se skaap
Koorlid: Of hoe sê ek Johnnie! Me’ jou lekker krulkop!
Vertel my van daai dae en die drie borde sop!

Johhnie: OK! Maar dis ‘n regte Kaapse moppie!
As jy hom nie koppie
dan drink jy beslis geen dop nie!

Da woon ‘n mooi meisie
Daaronder by die vlei
Haar Pappa is ‘n bakker
En sy is lief vir my.
Haar liefde is vir my aleen
Maar glo vi’ my dis waar
Jy moet ‘n meisie eers leer ken of daar is groot gevaar!
Ek bring die Bokkie na my huis
Om ‘n stukkie te kom eet.
Sy se sy’s nie honger nie
Maar wragtig sy kon vriet!!

Drie borde sop!‘n Helse skaapkop!
Hoenereiers by die dosyn!
Soutvleis koud

‘n hele beesteboud
en ‘n halwe borrel brannewyn!

Toe bak my Oemie inne pan
Eiers en tamaties
Soos net my Oemie kan
Denning vleis met groente
Beesvleis en sosatie
Hoender en tamatie
In haar beste pan!
JIS! My hart word somme’ naar
Want toe het ek gewiet
Sy sê sy is nie honge’ nie
Maar WRAGTAG SY KON VRIET!!

Koor: (Staan onder die gelag op) Dis hy! Dis hy! Daai manne van die Kaap!
Honger, jong! Honger!
(Hulle danse en sing) Beestepote skoongekrap
Die lekka’ste kossies van die Kaap!
Ek loop een dag vi’ ‘n uur of twee
Toe sien ek vir Galiema by Sou’ rivier

Sy’s aangetrek met ‘n bonte rok
En ‘n styfgestopte sakkie vol
Beestepote skoongekrap
Die lekka’ste kossies – van die Kaap!!

Maestro: Lekka ou storie ou Johhny, my man!
Ma’ ko’s move terug na die history man!
So terug na die Castle! (Koor word weer Jan en sy manne in kroeg)
Da moan hul en blaas hul,
remoer hul en raas hul.
Daai Sollies van Jan om ‘n kan.

Jan : Helaas!
Koor: Sê oom Jan van Rebiek toe publiek
Jan : Vergeet nou van oorlog en skade
En concentrate op die heemrade
Ek sê julle wat! Gaan boer julle manne
En los maar vir my die publieke politiek!

(Koor begin ploeg, plant en wingerde bou)

Maestro: So!
Elk kry ‘n plasie , die fluks Boerenasie
En ploe vir die vale en plant
Een boer met uiwe en een weer met druiwe
Die stadboytjies boer op die sand.

(Japie von Rhede beloer ‘n meise wat sonbrand op die strand)

Koor: Na twee wilde jare van sukkel en swaarkry
Sê Vryburger Japie von Rhede
Japie: Hier zijn nou wel vrede, te kla is geen rede
Waterblombredie is orals te kry
Maar nou soek ek wragtig na iets om te vry!

(Hy wil die meisie platloop, maar sy vlieg op met een allemintige gil!)

Meisie: EEEEiiiiiaaaiiiiaaaa!!!!
Koor: Gil Sarie Khoi Khoi van Lillie van Zyl
(Want uit spring die die duiwel met ‘n pikswart byl.)
Meisie: Nou moet jul hol!
Ja hol sussies! Hol!!!
Koor: Of ons word nog almal van Zyl!!

(Vroue af na agter na die skip)

Manne: Stuur vir ons vrouens! So skree al die ouens
Die voorbok was John van der Riet!
Al is sy ook stupid!
Maar alla-permantig
Kupido het laaaaag geskiet!!

Maestro: En wraggies, o, maggies!
Met maanskyn so saggies,
hier land die ou skepie van Grootmeester Bouwens!
Dit giggel en kraai daar met skalks vrolik laggies!
‘n Hele skeepvrag vol vrouens!

Dames: (Die skip met die sexy meisies wat met stokke rooi, kom land)
Oe, ah, Oe a a!
Oe, ah, Oe a a!
Oe, ah, Oe a a!
Oe, ah, Dishwalla!

(Meisies af en stap in ‘n kring soos op ‘n vendusie met die manne wat ondersoek instel na die toestand van tande, lywe en dies meer)

Maestro: Com Sa, Com sie! Act 3!!!
Man! Die dag was ‘n mooie!
G’n meisie had plooie
Net goeters wat daar was vir sie’!
Die manne met oortjies en manne met daalders
Het onmiddelik begin om te bie!

Man 1: Man, kyk net daai vettietjie daar voor!
Man 2: Mens moet dink aan die winter!
Man 3: Ek soek ‘n flukse! Ek boer mos doer gunter!

Man 4: Ag, ek soek net een wat behoorlik
Met ‘n ou tonteldosie kan toor!

(Die vroue gaat aan’t giggel en vorm rye vir die ‘kopers’ wat tussen hulle vrousoek op die volgende lied)
Mans: Ek soek na my Dina, my Dina, my Dina!
Ek soek na my Dina, die Dina van my!
O! Waar is my Dina, my Dina, my Dina
O! Waar is my Dina, die Dina van my!

(Meteens verander die ritme en dit word ‘n rapslied (rap) met die vroue wat die manne vasvat)

Vroue: Ek hou van ‘n man wat sy man kan staan!
Mans: Wat sy dop kan vat en sy vrou kan slaan!
Vroue: ‘ n Man met ‘n oog wat ‘n BARS kan kyk!
Wat na Lifeboy, Brut en Gunston ruik!
Ja, ek hou van ‘n man wat sê :
Mans: “Ek moet!”
Vroue: Ek hou van ‘n man wat nie skrik vir bloed!
Mans: ‘n Man is nie ‘n klip nie!
‘n Man mag nooit opslip nie!
Vroue 1: Ek hou van ‘n man wat lekker kan vry…
Vroue 2: …met sy baard wat so op ‘n wang kan sny
Vroue: ‘n Man wat nooit in badolie bad!
Met harde hande wat vas kan vat! (Vries)

(Die groep word pare wat sing en onder die kierieboog deur dans en verdwyn agter rostra
Koor: Koljander koljander, so deur die bos,
My Ouma en oupa kook lekker kos.
Innie meantime vry ons ‘n hond uit ‘n Bos
Man dis nou wat ons noem Boerekos!!! (X2)

(Op een rostrum vorm ‘n groep A ‘n kombinasie van liggame wat baie verdag voorkom aan die einde van die lied.)

Groep A: (Die hele groep voer ‘n verdagte beweging uit wat maar sterk na iets uit ‘n verdagte tydskrif lyk)
Ha oe! Ha aaaa! Ha oe!!! Ha AAAAA!

(Oom Tollie ‘betrap’ die spul en hulle spat skuldig uitmekaar)

Tollie: En toe!
Koor: Sê oom Tollie van Tros.
Tollie: En die verdwynery al om die bos?
O Aarde! Vir kookkuns en gare
Was daar min genare!
Die Duiwel was waarimpel los!

Koorlid Ek meen! Kyk nou maar net!
Koor: Sê Reza De Wet
Koorlid Hoe boos my ou volkie daar toe is
Die Vryburgers vry net!
Wat voorkom en lyf het,
met vroutjies wat lus het vir pret!

(Koorlede begin ander maters soek en verdwyn van die verhoog af in pare. Soos Maestro vertel storm die enkelinge oor die gehoor soos hulle gejaag word)

Maestro: Man daar was chaos!!!
So erg soos in Laos!
Want A kry vir B
En B soek vir C
En C jag vir Benjamin Losklos!!

(Maestro kry ‘n Griekse teater aanval)

Huwelik O Huweliksheer**!**
Party soek mos minder – en ander soek meer
Ja soms gaan dit vrolik
en somtyds weer olik
Dié wysheid kan selfs… nig Marike ons leer!

Koorlid: (Kom opgedraf om aan die gehoor te kom skinder)
O Ja! Daar was chaos!!
Dit vry hier en druk daar
Dit skinder en klik daar
Tot pogings tot moord was daai tyd al daar los!

Koorlid: ‘n Sekere Monica Nell
Was ‘n dame wat glad nie kon spel
Sy’t haar manlief veras
In plaas van verras
En hy’t glo vreeslik geskel!

Koorlid: Die ouderling Krisjan Vermeer
Laat ‘n naam op sy boud tattoër
Sy vrou was met rede
Wel… vies ontevrede
En vra:
Koorlid: “Wie is die dekselse Bettie De Beer!!?”

Koorlid: ‘n Sekere oom Hendrik de Groot
Het hom op die Parade ontbloot!
Toe skater ‘n meisie:
“Bedek daardie puisie
Of anderster lag ek my dood!!”

Koorlid: ‘n Lusvrou genaamd Benadette
Lê en wag in haar groot dubbelbed
“Hier’s ek met my lyf
en Channel nommer 5
En nou wag ek net vir die pret!”

Koorlid: ‘n Bronstige Boereseun Herrie
Word loops nes ‘n hings oor ‘n merrie
Hy spring graag in kooie
Breek al tien Gebooie
En dit – na ‘n tikseltjie sjerrie!

Koorlid: ‘n Meisie van Botterblomstroom
Was rerig voorbeeldig en vroom.
Sy was fraai, sy was soet
Toe’t sy iemand ontmoet…
En nou is haar Boetie ‘n oom!!

Koorlid: “Ek wil nou nie dweep nie,”
Koor: Sê ou tante Swepie.
Koorlid: “Maar doer ver oor die see, sit ‘n ‘king’ ontevree
Wat glad nie eers “act” in dié sepie!
Sy eie ou paartjie kom glad nie gestaart nie
En hier kom hy nou! O, Alla Wee!!”

(Klank van God save the King met hom wat inkom met hele entourage en ‘n Gorgihond. Die koor salueer op verskillende wyses. Sy neus staan soos ‘n lineaal in die lug en op koel wyse gee hy sy raad)

King: : I would like to give you boers
some moers advise
Just pack up your goodies and go
‘Cause this is Kings country, it’s all England’s Pantry
So go Boertjies go!
En “move” sommer nou!

(Klank van God save the King met hom wat uitgaan met hele entourage. Die koor kry aanvalle van weemoed en totale oorgawe aan die mag van “Wroeg en Ween!)

Maestro : Boerefrikkedelle en lang los velle
Wie op dees aarde is dié ou?
Ou Lord Somerset kom sê sommer net!
So? Go Boertjies! Go, Go, Go!

Koorlid: “Alkragtie! O, magtie! O, wee!!!”
Koor: Dis Doomnis Theodoris Du Preez.
Koorlid: “So kan dit wragtig nie gaan nie!
Die Engelse looi ons

Beboet en vertoorn ons
Ons trek of gaan trug oor die see!!!”
Koor: Ons trek!

Dogter: (Sing ‘n komiese treurlied op die toon van die Briels)
Moeder ek’t nie skoene nie
Ek’t liddorings wat pla
So moet ek oor die Drakensberg
Met Zulus wat my ja!!!
Koor: (Val in) Moeder ons’t nie skoene nie
Ons liddorings wat pla
So moet ons oor die Soutpansberg
Waar die Bobbejane
Kort –kort terg kort-kort terg, kort-kort terg.

Maestro: En net hier, geagte geëerde gehoor!
As julle dit graag sou wou hoor
Begin nou deel twee
van die Trekkers se wee… want…
Koor: Ons trek!
Maestro: Skree die spul in ‘n koor!!!

(Die koor word ‘n ossewa met osse voor met kieries as jukke en die res wat op die wa sit)

Pa: (Wintie Amerikaans) Hiiii Haaaaa!! (Die osse verstaan nie)
(Hoflik as Engelsman) Come on Boys!! (Die osse verstaan nie)
(Knorrig as Boer) Rooiland! Bliksem! Roer jou gat! ens!

(Die osse en koor trek in ‘n sirkel oor die verhoog, kom tot stilstand en staan vedwaald rond.)

Koor: En waar de donner is ons nou!!!???

Maestro : Reg in die mirrel. Jy ken dit ou Cyril!
Dis stof en dis winde. Dis Vrystaat! Gedoriewaar waar!
En hier is die mense – Die regte Vaalpense!
En glo my hul’s rerigwaar raar!!!

(Die koorlede neem vreemde vorms aan)

Koorlid:‘n Meisie van Bloemfontein-Oos
het gesit met ‘n pragtige doos
vol tjoklits en tertjies en Gemmerbroodperdjies
en die lieflikste prent van ‘n roos!

Koorlid: ‘n Meisie wat woon op de Aar
durf glad nie haar lus openbaar.
In die agterkleinhuise
gaan sit die klein meisie,

en rook haar Havana-sigaar

Koorlid: ‘n Jong sangeressie van Memel
gaan woon in die stad waar dit wemel.
Sy’s poegaai gestamp
in ‘n motorkarramp
en sing nou sopraan in die Hemel

Koorlid: “Grappies op ‘n stokkie!”
Koor: Sê my ou tant Bokkie.
“Die stories dra broek oor die krismiskoek!
En met die dood mag ‘n mens glad okkie spottie!
Doen my ‘n guns! En gee vir my Kuns!
Laat doen die sopraan haar ou joppie!!”

Slakkie: “Dan reël ons dit só!”
Koor: Sé Slakkie van Wyk.

Slakkie: “‘n Song sal dalk nou van pas wees!
Iets oor die vlaktes
Oor die natuur --- as dit mak is!
Iets wat my siel in kan glo.

(Sy rangskik hulle in ‘n koortjie)

So kom nou van Jélle!
Iets Hemels - Boerrine
Julle kan maar beninne!.
Gee hom vir ons “a cappella”

Meisies: (Sing die lied met skoonheid en eerlikheid)

Voortaan sal ek winterskemer vleilangs loop
En droë takkies van geraamtestruike stroop.
Die wilgers sal gekruisig teen die Hemelruim hang
En ek sal doodmenslik na jou terug verlang.

Soos met die somer se rinkink
Van vinke in palmiete.
En die onbeholpe liefde
Van Wildeganse tussen riete.

Slakkie: (Vir die manne) Maar waar is die manne!
Manne en Meisies: (Sing saam)

Voortaan sal ek winterskemer vleilangs loop
En droë takkies van geraamtestruike stroop.
Die wilgers sal gekruisig teen die Hemelruim hang
En ek sal doodmenslik na jou terug verlang.

Soos met die somer se rinkink
Van vinke in palmiete.
En die onbeholpe liefde
Van Wildeganse tussen riete.

(Dames gaan sit)

Slakkie: Ja!! Nou kom tog die manne!
En sêr daar ‘n sêr wat vêr is van blêr is!

Gooi daar ‘n noot, ‘n mooi Boerenoot
en sing my ‘n song
wat ru is en aards is, maar sag op die tong
‘n Blinksilwer noot wat my emosies oopstoot!

Manne: Nou maar goed, ou Boet
Maar gee ons ‘n band!
Dit gee ons meer moet
Want vir manne wat sing is ‘n Background ‘n moet!

(Lied van die ou manne.)

Kyk die hande die
Die twee hande van my
Waar het ek die twee hande gekry
Kyk die hande die
Die twee hande van my
Die twee hande raak oud
Maar daar’s nog nie fout
Met die hande van ‘n ouman, ja nee

Kyk die hande die
Hulle’t hard gewerk
Doodmaak hande die
Wat kan bid in die kerk
Kyk die hande die
Hulle’t lank gewerk
Die hande is hard
Die hande kan slaat
Dis die hande van ‘n ouman, ja nee

Kyk die palms van my
Was nooit vol geld
Hier loop die toekoms vir my
Soos paadjies deur die veld
Kyk die hande van my
Hulle ken net nie geld
Klop aan die deure
Dis net vol vere
Dis die hande van ‘n ouman, ja nee

Kyk die hande die
Die hande van my
In my jonge dae
Het hul lekker gekry
Kyk die hande die
Die twee hande van my
Deur hare geel
Het hulle gestreel
Dis die hande van ‘n ouman, ja nee

Koor: (almal in met een vers) Dadedadada, ens.
Koor: (sluit af met laaste woorde)
Deur hare geel
Het hulle gestreel
Dis die hande van ‘n ouman, ja nee

Maestro: Dis Ditsem! Dis datsem, ou Bees!
Dis kuns van ‘n hoë lees!
Maar bly by jou lessie
Bring nou die Depressie!
Dan sien ons die Boere se gees!!!

Koor: (Sing die lied wat deur twee Brielagtige karakters uitgespeel word)

Daar oorkant die stasie
Woon Krisjan Swart
Tussen die spoorweg en die Nasionale pad
Teen die muur van sy stoep
Hang die horings van ‘n bok
In die agterplaas langs die wilgerboom
staan ‘n moerse duiwehok.

Op daai duiwe is hy trots
Hul maak sy hart so bly
Al het hy nie geld nie
Kan hy ‘n beker kry

Nou Chrisjan se vrou
Is lekker fris gebou
In haar hare dra sy curlers
in haar mond ‘n sigaret
Pantoffels aan haar voete
Kook sy moskonfyt
Met haar een oog op die Tuinjong
Wat die agterplaas natspuit.

Op daai vrou is hy so trots
Sy maak so hart so bly

Al is sy nie mooi nie
Kan sy nog lekker vry!

Ai op sy dinge is hy trots
Dit maak sy hart so bly
Hul kyk hoe vlieg die duiwe
Sirkels teen die blou

Maestro: (Stuur die tranetrekkery op)
O gees wat so spoedig verdamp!
Ag was dit nie mooi nie! So innig! so eg!
Teen daardie ou liedjie klink Bles Bridges maar sleg!
Maar los tog die trane! Ja los tog die ramp!
Behoed my van Briel en die Coalbrookmynramp!

Dis hogere kuns en lagere kuns
'n Gefightery tog te naar
Nou strike ons die sixties!
Ons kunsklas se lessie van daar!

Gawie: "Ontgroei!"
Koor: Sê oom Gawie Cilliers!
Gawie: "Die valsheid en trane en wee!
Ontbloot jou o Boetie en Sussie Viljee
Tot skilder en danse en die 'paddedieu'.
Met kunste gevoer van vêr oor die see!"

Bennie: "Ja wragtag!"
Koor: Sê Bennie de Koker heel kragtig!
Bennie: "Die kuns is iets skoon en alpragtig!
Die boerevolk groei! Die kuns moet mos bloei!
En vermy tog die ….. seks! Allamagtag!"

('n Projeksie Picasso se skilderkuns verskyn)

Koorlid: By 'n prent van Pablo Picasso
Moet jy my maar vasbind en vashou
Hier's 'n oor op 'n knie
En 'n neus waar mens (w)pie…
Met Picasso kan ek glad nie pashou!

('n Projeksie Mona Lisa verskyn)

Koorlid: 'n Vrolike vrou Mona Liza.
Pluk haar haar hare als uit met 'n tweezer!
Sy't die prettige kunsie
geleer by da Vinci.
En sy smile allie pad tot in Pisa!

Koorlid: ‘n Fikse en gawe ballet-ou
Doen alles gereeld *allagretto*
Toe sug ‘n ou tante
Vrou: *“Maar wat van Andante!*
Koorlid: Toe se hy net: “Nee, dis vir ‘n vet vrou!”

Koorlid: Die danser Jacgues Briesnikoff Barling
Hou glad nie van Castle of Carling
Hy’s mal oor sy wyn
En oor vonkel sjampyn
En hy noem een en almal “my darling”

Koorlid: Stop! Stop! Jul is nie reg wys nie!
Ballet’s nie ballet sonner vleis nie!
Wys my ‘n ding! Wat my siel sal laat spring!!
En dan sing ek ‘n piknuwe wysie!

Maestro: Nou maar goed!!! Hier kom dit ou Boet!
Af jul almal! AF AF AF!
Of julle kan saamkyk. Gee ons musiek!

Vergun my ‘n oomblik! Ons vergeet nou wat laf is!
Ek wys jou die siel van ‘n pronker …
wat digkuns betref… o my jonkheer
‘n Siel so suiwer, soos die weduwee’s stuiwer
‘n vlug van ver-***beeld***-ing oor…. Ingrid Jonker….

[**Die Dans van Igrid Jonker.** Spelers af en ‘n skaduprojeksie is gereed vir ‘n dans oor Ingrid Jonker. Die dans kan ook op die verhoof plaasvind. Enya se *Song of Africa* dien as musiek. Die dans bestaan kortliks uit twee elfies in ‘n groen, mistige woud wat speel met die jong digteres. ‘n Groot skoelapper word geprojekteer teen die agterdoek wanneer sy ‘n vrou word. Die elfies verdwyn. ‘n Man verskyn en dans ‘n sensuele dans met haar. ‘n Tweede man verskyn en dans op ‘n brutale wyse met haar. Sy vlug na man een wat haar verwerp. Sy vlug na man twee wat haar ook verwerp. Die beligting word rooi en doof uit. As die lig opkom draai die twee mans haar met rolle toileitpapier of linte toe. As sy nie meer kan beweeg nie verlaat hulle haar. Die lig doof uit. As die lig opkom is die verhoog in blou en pers gehul. Sy breek uit die linte papier maar sink weg in die see van blou/perslig. Die ligte doog uit.
As die skaduteatertegniek in die dans gevolg word, kan ‘n waterbak op die truprojektor gebruik word wat met spatsels rooi en blou/pers ink bedrup word vir effek van water en die see]

Maestro: Tevrede ou Boet! Dit was nie juis slim nie of enigsins stout nie
Maar glo my daai dans was daa’m ook nie koud nie!
Net so ‘n remming in die storie se stemming
Anders kon die actors se stemme nie COPE nie!

So kom jul maar terug. Terug op die brug!
(Akteurs kom terug)
Ons los nou die danskuns!
Ja daar trek ons briek.
Die aandjie se titel bly mos Limerick!
Vertel ons dié ding wat gebeur het! So enkel jaar terug!
Dis laat in die tagtigtigs! Die scene op De Brug!

Koor: Miskien was jul almal nie saam nie
Geframe in ‘n Kakiedrag raam nie
Die Boere was woelig, die manne was rof!
Die meisies was eensaam, maar goed opgetof!
Daai lekker los dae innie Army.

Koorlid: ‘n Wulpse jong nooi van de Brug
Lê al jare gereeld op haar rug
Sy weet dat dit seën is
Vir hul wat alleen is,
En dus doen sy suiwer haar plig!

Maestro: En Mamsie sit by die huis! Of hoe??

Koorlid: O Nee!!!
‘n Vrou van die dorp Agganneys,
het haar pendieks vir almal gewys!
Langs die Ming op die rak,
lê die ding in ‘n bak.
Dissie trots van Tant Sannie se huis.

Maestro: Op Transvaal!!!

Koorlid: ‘n Meisie wat woon in Tzaneen,
het gesels met haar niggie Maureen
“Ek hou van ‘n ou
Met ‘n fris kabeljou
En nie ‘n verlepte sardien!

Koorlid: ‘n Vrou van distrik Soutpansberg
Was eenkeer verlief op ‘n dwerg.
Toe klim die meneer
Op ‘n stewige leer
En hy doen wat die vrou van hom verg.

Koorlid: En hoe sê die Haaie? Wat maak hulle daar?

Koorlid: ‘n Vrou van die die dorp Babanango
Het haar klere verloor met die tango.
Met elk nuwe tree
Het die vrou haar ontklee…
Tot ‘n tante haar gooi met ‘n tango!

Koorlid: “Helena Levinia Lister
Was los!”
Koor: : Sê die sedeminister.
Koorlid: “Haar verlede was stout
Maar nou is sy koud
Sy’s net ‘n koeksister van gister!”

Meastro: Maar allakragtie! Haak Vrystaat!
Hoe’t die dinge daar gestaat?

Koorlid: ‘n Sekere Tina Ferreiera,
is versot op Gymkanas en pêrre.
Sy stamp haar uit lit,
as sy side saddle sit.
Daar’s wear en daar’s tear op haar sterre!

Meastro: Maar dis vir jou… hoe sal ek sê…
ietwat onnatuurlik?
Die mens bly mos mens
Met die mans op die grens
‘n Gevoelingtjie is mos natuurlik!

Koorlid: Ja! Van pens op pens kom mens!

Koorlid: “ Naweekpas!”
Koor: Sé Gielie van Gas.
Koorlid: **“**Was ‘n pas, was ‘n pas waar alles inpas!
Van hitchike tot duimry
Dis net wat jy daar kry
Want almal maak mos ‘n las….
wat pas!”

Koorlid: ‘n Sekere Bennie le Roux,
was ‘n outjie wat wens hy weet hoe.
Hy’s ‘n gawe meneer,
met ‘n gawegeweer!
Maar ‘n kolskoot sou Bennie nooit proe!

Meastro: Wat van die Rand! Witwatersrand!
Die dames was daar tog net so gestrand!

Koorlid: ‘n Brose jong maagd van Benoni,
sé immer en altyd: “Nie nou nie”
Koor: Haar kérel sê:
Koorlid: “Jinne!
Ag kom tot jou sinne!
Wat ek kan dit glad nie meer hou nie!”

Meastro: Op Vêrre Noord! Was die nood daar ook groot?

Koorlid: Ja!
'n Pa van die dorp Mbabaan
het gespog so vêr as hy gaan
Toe sy vroutjie verwag,
Was daar wragtigwaar 8
Koor: (Sag) Hy's die man met die Goue Banaan!

Maestro: Ja, dis als deel van ons history.
En ons dag ons fight nog 'n victory!
Toe roep hul jul terug
Oor die veertiende brug!
Ai! Politics bly maar 'n mystery!

Mans: Praat Jy!

Koor: En toe ! Kan jul glo dat dit waar is?
Sny FW die wette wat naar is
Met 'n helse toi toi word ons land opgetoi
En Hoipeloi kom dat dit naar is!

In een hensge groot euforia
Kom gaste gevlieg na Pretoria
Dis vreemdes? Ontheemdes? En wat nog ook als
Die ou lief S.A word 'n Hoipeloi wals?
Dis Ghana's en Tsutsies, en stoer Afrikaans
Wat limerick word en reg vir die dans!

Maestro: Ai! Ek sien nog daai dag in Pretoria!
Met Winnie en Clinton
En nog so 'n jong ding
wat sigaar sit en rook
met ogies wat kóók!
En dit na die praise-singers aria
Koor: Ja nee! Daar was mense!
Van vêr oor die grense!
Die modes was spiekeries of so-so
Maar een ware ding kan jy wel glo!
Daar's lekker gesorg vir hul pense!

Koorlid: 'n Boesman – gebore in Bali
Was besorg oor die size van sy alie
Die ding was erg klein
En besonderlik plein
Dus stop hy hom op met 'n tjalie!

Koorlid: Suzuki Kontiki net suid van Siëra
Kom pronk ook toe hier met haar stêrre
Sy't kry kompitisie
Van 'n inheemse miesie
Mies Winnie De Lion Match- Mandela!

Maestro: By so 'n geleentheid
Bly kos maar 'n vreemdheid
Die een eet nie dit nie
Die ander nie dat nie.
Vir die kokke was dit 'n verleentheid!

Koorlid: 'n Barbaar van die oer amasone
Eet liewerster neuse en tone
En boude en bene
En skurwe hakskene
As ertjies en wortels en bone.

Koorlid: 'n Egiptiese bybie sê: Njammie!
O' Ek is so lief vir my dammie!!!
Toe sê Nefertitti
"Die sustituut-tietie
Verkies hy bo die van sy Mummie!!!

Koorlid: 'n Dame van Wes-Mosambiek
Het gekla oor haar nare ou Griek.
Hy verkies mos sy Feta
Bo vet Violetta
En nou voel sy erg mankoliek'.

Koorlid: 'n Kêrel van Kilimandjaro
Is 'n rare ou nare ou maer ou.
Hy's skraal uitgeteer
En hy glo onder meer
Hy's 'n reïnkarnasie van Farao

Koorlid: 'n Dame wat kom van Uganda
Is gedruk deur 'n vet anakonda,
Maar toe sê die nig
"Nou druk ek jou terug"
En so gaan die luislang ten gronde.

Maestro: So spoedig soos jy kan sê mes
Verander ons land en sy mense
Wat reg was word sleg en sleg word nou reg
Ons hele ou volkie die draai op ons pense
As voorbeeld 'n nuwe teaterstuk les.

(Die verhaal onder word ook gedramatiseer met karakters terwyl die verhaal ontvou. Uiteraard kan die dialoog in spreekkoor uitgevoer word of vir individuele koorlede verdeel word)

Koor: Die Skotse koning: Lord MacBoef
was ietwat vreemd en los van skroef.
Sy vrou was naar en por hom aan
dus het hy menig moord begaan.

Sy was 'n feeks en los van lies
(Vir naslaan, gaan lees Wim Wikkelspies)
En ook bestem vir hete hel,
tot haar gewete begin te knel.

Haar senuwees was erg gestroop.
Saans bet sy in haar haar slaap geloop.
Dit maak MacBoef erg desperaat,
dus gaan hy met die hekse praat.

“Double, double, toil and trouble"
Hoor net hoe die wywe babbel.
(Al drie eintlik ver van sexy)
Nora, Dora, Liewe Heksie.

"Help my.'" Sug MacBoef bedroef
“my vroutjielief word erg beproef.”

"Ons sal vir haar 'n drankie maak,
vol donkie snot en perdebraak
skilfers, slym, 'n dop strignien."
Voeg Heksie by: "Een asperien".

Toe vroutjie daardie mengsel sluk,
bring dit vir manlief groot geluk,
want na daai beker heksestroop
het sy nooit ooit weer rondgeloop.

Nog een wat graag won rondloop
(ook maar enig van haar soort)
was die meermin, diep in die oseaan.
Daar het sy vroom haar waterpad gegaan,
Tussen snoek en oester,
het sy glad geen droom gekoester.

Maar eensklaps het dit als verander!
Toe sy uitloer deur ‘n brander.
Die skip Titanic vaar verby.
Vier skoorstene in ‘n ry.

Op die boeg, voor op die dek,
staan twee met arms uitgestrek.
Dis ‘n jongman fraai van aanskyn,
langs ‘n vroumens in die maanskyn.

Die meermin duik toe na benede,
skoon jaloers en ontevrede.
Antie seekat gee haar raad:
“Indien jy met die ou wil praat
moet jy eers jou stert verloor
en bene groei, al lyk dit goor.

En na die heks se woord of twee,
smyt sy die meermin uit die see!
Die meermin plof neer oppie dek,
met skoene aan – val haar byne vrek!

Sy stamp die vroumens innie see
En hoor die jongman skree “O Wee!!
Sy wou vir hom haar voete wys,
toe tref die skip ‘n berg van ys!
En daar versuip die hele spul
En nou’s haar stem vir ewig stil!

Maestro: En daarmee dan geagte here!
En al die dames met gepluimde vere
Sê ons koebaai en sagte rus.
Dit was ons laaste laaste limerick!
Nou trek ons handrem!
Nou pluk ons briek!

Koor: Ja! Koebaai van ons almal! Julle’t almal gekliek!
Vermy die depressie!
En onthou nou ons lessie!
Die lewe ís draagbaar!
Met spééls limerick!

[Laaste *encore* is die Pepermossielied om op nostalgiese toon af te sluit terwyl die spelers deur die gehoor uitstap]

[En dis dit!]

Jan Brandstraat 17
Posbus 25853
Langenhovenpark
Bloemfontein. 9322 Tel. 083 27 424 85